

Source: RAPPORT

Date: 15-Aug-2004

Topic: 25

Ref No: 3941



1

ID: 03120061-01 Source Page: 21

Ras spook nog in die onderwys

Baie is al gedoen om skole en universiteite te integreer, maar op vele maniere word rasediversiteit en gemeenskaplikheid in dié instellings sleg gehanteer, skryf **JONATHAN JANSEN.**

Teen die verwagting in is die oorgang na 'n nie-rassige skolestelsel in Suid-Afrika sonder té veel trauma bewerkstellig.

Die voorvalle wat daar wel was, waarvan baie wye publisiteit gekry het, was te wagte ná driehonderd jaar se kolonialisme en veertig jaar se geformaliseerde apartheid. Eintlik was rassekonfrontasie verrassend beperk in die land se sowat 29 000 skole.

Ná tien jaar is die formele maatreëls vir demokratiese onderwys dus agtermekaar, met die basiese waardes van nie-rassisme, nie-seksisme en regstelling deeglik ingebed in regeringsbeleid.

Maar beleid is nie praktyk nie, en al is die indrukwekkende steierwerk nou op-

gerig vir demokratiese onderwys, lê daar nog 'n lang pad voor om die ideaal 'n werklikheid te maak.

In der waarheid beleef studente en leerlinge in die instellings in die nuwe bedeling nog daaglik honderde klein voorvalle met 'n rasse-inslag, sonder dat dit aan die groot klok gehang word en op 'n subtieler manier as die voorvalle van rassekonflik wat aanvanklik soveel aandag getrek het.

'n Indrukwekkende hoeveelheid navorsingsliteratuur toon hoe ras-, klas-, godsdiens- en geslagsvoorkeure steeds 'n deurslaggewende rol in vele skole speel. 'n Mens sien dit in onder meer hoe kinders in skole gegroepeer en geëvalueer word, watter kultuursimbole en godsdienssimbole geld en wie toekennings en pryse kry.

In onderhoude met hoërskoolleerlinge word navorsers telkens getref deur ooreenweert-rassebeskuldigings, sosiale vreemding en groepswoede.

By die historiese wit Afrikaanse universiteite het my eie navorsing getoon dat wit en swart studente erg vervreem is van mekaar. Dit het met meer te doen as taal, simbole en kultuur. Veral in die koshuise kan 'n mens 'n soort "rasse-geografie" waarneem: wit Afrikaanse studente uit die diep platteland of uit hoofsaaklik uit stadskole leef nou dikwels vir die eerste keer in hul lewe op gelyke grondslag saam met swart studente in 'n beperkte koshuisruimte. Hulle het dikwels nie die noodsaaklike vaardighede vir post-apartheid-Suid-Afrika aangeleer nie omdat Afrikaansmedium vir swart leerlinge toegang tot hul skole beperk het.

Op hul beurt weer het die swart studente vaste idees oor Afrikaans, is hulle agterdochtig oor wit motiewe en gedrag en bly hulle hardkoppig vaslout aan rassepatrone van interaksie.

'n Mens verwonder jou daaraan dat so-

Source: RAPPORT

Date: 15-Aug-2004

Topic: 25

Ref No: 3941



1

ID: 03120061-02 Source Page: 21

“ ’n Indrukwekkende hoeveelheid navorsingsliteratuur toon hoe ras-, klas-, godsdienst- en geslagsvoorkeure steeds ’n deurslaggewende rol in vele skole speel.”

veel nog skort met sosiale interaksie tussen leerlinge en studente, want hier is tog ’n geslag wat nie apartheid of die struggle ervaar het of as die dominante wit groep grootgemaak is nie.

Die rede is waarskynlik te vind in navorsing elders, byvoorbeeld in Duitsland ná die Holocaust, wat toon daar is iets soos ’n geheue tot in die tweede en selfs

derde en vierde geslag. Onbewus dra wit ouers die gewoontes van oorheersing en swart ouers die diskoerse van die struggle aan hul kinders oor.

Dis ’n verskriklike erflating en die vraag is hoe dit teengewerk kan word. Wat kan skole en universiteite doen om die soort sosiale interaksie te bevorder wat ’n breër sin van burgerskap, deernis en gemeenskap sal ontwikkel, sodat kinders en studente kan leer saamleef?

Naas die formele rasse-integrasie van skole en universiteite – met ander woorde, die oopstel van die instellings vir alle leerlinge en studente – waarna hierbo verwys word, moet personeel-integrasie, leerplan-integrasie en institusionele kulturele integrasie nagestreef word.

Dit lol klaar met personeel-integrasie. Min swart onderwysers word by historiese wit skole aangestel weens ou vooroordele oor swart onbekwaamheid, maar in ’n land met 400 000 onderwysers móét daar tog bekende swart onderwysers wees! Waar swart onderwysers wel aangestel word, word hulle dikwels nie bemagtig om hul plek vol te staan nie.

Leerplan-integrasie in die historiese wit skole laat dikwels veel te wense oor. Só gee min geskiedenisonderwysers in dié skole byvoorbeeld behoorlik aandag aan Afrika-geskiedenis, iets wat baie sou bygedra het tot ’n bewussyn van die ryke verskeidenheid van politieke en kulturele ervaring in ons land. Dieselfde geld universiteite.

Dan is daar die moeilik definieerbare institusionele kultuur. “Die manier waarop ons dinge by hierdie instelling doen,” noem ’n kollega dit.

Dit het te doen met wie se portrette en skilderye in die gange hang, met die inhoud van die biblioteek, aan wie eregrade toegeken word, wie skoolbeheerrade oorheers, watter liturgie in skole se saalperiodes gebruik word, die repertorium van die skool- of universiteitskoor, aan wie kontrakte toegeken word, wie se taal gebruik word op vergaderings en by ander samekomste, die velkleur van dié wat die swembad skoonmaak, wie sekretariële poste het en wie klas gee. Wie as “me-

neer” aangespreek word, en wie sommer “John” is. Dit sluit in die woorde van die sportliedjies en hoe die instelling se embleem lyk.

Dis veral op die terrein van institusionele kultuur dat opvoedkundige instellings nie slaag om rassediversiteit en gemeenskaplikheid te akkommodeer en te bevestig nie. Dis op dié terrein dat die aanslag op die kulturele gevoelens van nuwe swart studente kragtige boodskappe uitstuur oor vir wie ’n instelling bedoel is.

Dit gaan om “tuis-wees”. Die mate waarin wit én swart leerlinge en studente hulle tuisvoel in ons skole en universitei-

te weerspieël die mate waarin die instellings inklusiewe institusionele kulture ontwikkel het.

Wat by opvoedkundige instellings gebeur, gebeur ook in die breër gemeenskap. In gesinne, politieke partye, godsdienstorganisasies en sportverenigings word vasgehou aan beskouings oor rasseidentiteit. En vandag, tien jaar ná die koms van die demokrasie, word die ou, onbuigsame rassekategorieë uit die apartheids tyd steeds bevestig deur die burokrasie, met byvoorbeeld die nasionale sensus en diensbillikheidskedules.

So word dit ’n bouse kringloop van ou rasse-opvattinge tussen die gemeenskap en die skole.

Hoe kan die toestand van sake verbeter word?

Eerstens moet ’n mens kyk na waar die mag lê in opvoedkundige instellings.

In die skole is dit die beheerliggame wat die pas, inhoud en rigting van verandering bepaal. By baie historiese wit skole oorheers wit ouers nog die liggame, selfs wanneer ’n beduidende deel van die leerlinge swart is. Dis deels weens onbetrokkenheid van swart ouers, deels weens vernuftige organisasie van wit ouers wanneer vakante poste gevul moet word.

By universiteite is middelbestuur die belangrikste sentrum van mag wanneer verandering ter sprake kom. In die akademie besluit die dekane en departementshoofde oor aanstellings en die administratiewe middelbestuur bepaal die pas waarin nuwe simbole of tekens hul verskyning maak en verdeel dikwels subtiel kategorieë poste tussen rasse en geslagte. (Wie is arbeiders, wie is tiksters, wie is bestuurders?)

Tweedens is die aard en gehalte van leierskap deurslaggewend. By die historiese Afrikaanse universiteite val twee aspekte op: eerstens het geeneen al ’n swart rektor aangestel nie. En tweedens glo swart akademici vas mense van kleur móét sulke poste beklee en dat historiese Afrikaanse universiteite nou dié sprong moet neem.

Source: RAPPORT

Date: 15-Aug-2004

Topic: 25

Ref No: 3941



1

ID: 03120061-03 Source Page: 21

Maar dit sal uiters gevaarlik wees om sulke poste op grond van ras te vul, tensy die betrokke kandidaat 'n vooraanstaande akademikus en bekwame bestuurder is.

Deelname is die derde kwessie wat aandag moet kry. In die strugle het deelname deur die gewone mense, bepaald ook

in die onderwys, 'n belangrike rol gespeel. Demokratiese deelname is wesenlik die teenpool van die outokrasie.

Ons sien iets daarvan in die huidige onderwysbedeling in byvoorbeeld die verbreding van skoolbeheerliggame en die instelling van institusionele forums by universiteite, waardeur onder meer studente en dosente inspraak in transformasie kry. In die teorie, ja, maar in die praktyk hoor 'n mens telkens van gebrekkige deelname deur swart ouers, van outokratiese voorsitters van universiteitsrade en 'n getalle-oorwig van bestuurslede teenoor studente in die institusionele forums. Die deelname is dus dikwels tog nog onbevredigend, sodat dit nie baie help om betekenisvolle veranderings teweeg te bring in skole en universiteite nie.

Teen dié agtergrond is dit sorgwekkend dat die departement van onderwys nie le-

wensvatbare beplanningstrategieë het om demokratiese onderrig betekenisvol te bevorder nie.

Sosiale integrasie in die staatskole sal nog lank beperk wees.

Die meerderheid swart leerlinge sal steeds hul formele onderrig in swart skole kry omdat die meerderheid nog in die townships woon waar skole swart is.

Tot nou toe is buitengewoon baie aandag bestee aan rasse-integrasie in die klein minderheid historiese wit skole. Die taak van beleidsvormers, politici en leerkragte is om uit te maak hoe respek vir verskille in sulke skole gebou en volgehou kan word.

■ **Jonathan Jansen is dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie artikel is gegrond op 'n navorsingstuk wat hy vir Idasa geskryf het.**

Beantwoord dié vrae

Die mate waarin 'n skool of universiteit 'n nuwe demokratiese kultuur ontwikkel het, kan blyk uit die antwoorde op onder meer hierdie vrae:

- Wie se portrette en skilderye hang in die gange?
- Watter boeke is in die biblioteek?
- Aan wie word eredoktorate toegeken?
- Wie dien in die skole se beheerliggame?
- Wat sing die skool- of universiteitskoor?
- Wie maak die swembad skoon en wie werk in die kantoor?
- Wie se embleme word gebruik?
- Wie is "meneer" en wie is "John"?